Die tweepot-aftreestelsel
Belangrike inligting om van kennis te neem

Geagte «CLNT_TITLE» «CLNT_INITIALS» «CLNT_SURNAME»

Plannommer: «PLAN_NR»
Aandelerekeningnommer: «BDA_NR»

Befondsing van u Spaarkomponent

Omdat u ‘n gewaardeerde lid van die **Persoonlike Portefeulje Aftreefondse** is, het ons u onlangs in kennis gestel van die nuwe aftreestelsel, algemeen bekend as die **tweepot-aftreestelsel** (hierná genoem **“die tweepot-stelsel**”), en hoe dit u vanaf 1 September 2024 gaan affekteer. ‘n Afskrif van die kommunikasie is beskikbaar by Retirement-Reform-Two-pots-Client-communication-Afr.pdf (glacierinsights.co.za).

Hierdie kommunikasie is om u in te lig dat u spaarkomponent befonds sal word deur aandele uit die aandele-portefeulje van u belegging te verkoop.

Neem asseblief kennis dat die implementering van die tweepot-stelsel onderhewig is aan die goedkeuring van die reëlwysigings van die Persoonlike Portefeulje Aftreefondse deur die Gedrags-owerheid vir die Finansiële Sektor.

Hoe affekteer die tweepot-stelsel u?

U gevestigde komponent in die **Persoonlike Portefeulje Aftreefondse** sluit ‘n **aandele-portefeulje** in. U spaarkomponent sal gelyk wees aan 10% van die waarde van u gevestigde komponent soos op 31 Augustus 2024 (met ‘n maksimum van R30 000). Die waarde van u aandele-portefeulje sal dus in ag geneem word wanneer u spaarkomponent bereken word.

Hoe sal die verkoop van aandele om u spaarkomponent te befonds, werk?

Die bedrag wat vanaf u gevestigde komponent geallokeer word, sal eers vanaf die **kollektiewe beleggingsfondse** in u plan befonds word. Aangesien die waarde van die kollektiewe beleggingsfondse nie genoeg is om u spaarkomponent te befonds nie, sal die balans aangevul word deur aandele uit u aandele-portefeulje te verkoop.

Die proses vir die verkoop van aandele sal as volg werk:

- Glacier sal die portefeuljebestuurder voor 1 September 2024 in kennis stel dat die waarde in u kollektiewe beleggingsfondse nie genoeg is om die bedrag wat aan die spaarkomponent geallokeer moet word, te dek nie, en dat die balans befonds moet word deur aandele uit u aandele-portefeulje te verkoop.
- Die opbrengs van die verkoopte aandele sal in ‘n geldmarkfonds in u gevestigde komponent geplaas word.
- Indien u nie ‘n geldmarkfonds as deel van u gevestigde komponent het nie, sal die fondse in die Glacier Geldmarkfonds in u gevestigde komponent geplaas word.

Die **spaarkomponent** sal dan vanaf die geldmarkfonds in u gevestigde komponent befonds word om die **volle onttrekkingsvoordeel** in u spaarkomponent op te maak, tesame met die befondsing vanuit die kollektiewe beleggingsfondse.

Bly ingelig

Om die mees geskikte keuse uit te oefen sal van u spesifieke behoeftes en omstandighede afhang. Daarom beveel ons aan dat u u finansiële tussenganger kontak om u te help om ‘n ingeligte besluit te neem.

Inligting is ook beskikbaar op ons **Glacier Retirement Fund Member Information Hub** by Retirement Fund Member Information – Glacier Insights. Besoek hierdie inligtingsblad asseblief gereeld aangesien ons deurlopend inligting byvoeg soos dit beskikbaar raak.

Indien u gebruik wil maak van aftree **voordeel berading**, kan u ons Kommunikasiesentrum kontak by 021 917 9000 / 0860 452 237.

Vriendelike groete

Natashja Terblanche
Hoof: Kliëntediens

Tel: +27 21 917 9000 / 0860 452 237
Faks: +27 21 947 9210
E-pos: client.services@glacier.co.za
Webblad: www.glacier.co.za